DRAKENSBERGER
DIE WINSBEES • THE PROFIT BREED

# BEES-BULLETIN

DIT GAAN OOR MEER AS NET KOEITJIES EN KALFIES

Julie 2026

NASA lanseer vandag die 'Pegasus XL rocket' om die Neil Gehrels Swift Observatory, wat 'n ruimteteleskoop is, te onderskep terwyl dit besig is om hoogte te verloor en stelselmatig aarde toe neig. Die plan is om die ruimteteleskoop te hak en te sleep na 'n hoër hoogte, vir verlenging van die kosbare teleskoop se lewe. Om te dink dat dit gedoen kan word, dink net aan al die 'somme' wat gemaak moet word.

Elon Musk se 1 triljoen dollar waardeberaming is effens aan die hoë kant. Hoekom koop hy nie Suid-Afrika en gee die boere die beste geleenthede nie? Ai tog, hy het sy idees oor SEB, waarmee baie mense saamstem.

Wat het dit met beesboerdery uit te waai?

Waarskynlik niks nie, maar daar is tegnologiese spronge wat reusagtig is. Hoe vorder beesboerdery?

Teelwaardes, genomiese ontledings, chromosomale evaluasies, mutasies in spesifieke COL5A1,COL5A2 gene, noem maar op. Voorwaar ingewikkeld en kompleks, in die speelveld van die wetenskaplikes, wat floreer op die data wat deur die stoetboer ingestuur word. Wat besef dat alle hulpmiddels in balans gebruik moet word om suksesvol te wees met vordering in beesboerdery, waar rand per hektaar die kernboodskap is. Dit is ver verwyder en baie meer basies as ingewikkelde mutasies op verskillende gene, maar moet as beginsel dien in die strewe na sukses om te behaal met beesboerdery.

Vleispryse is goed, speenkalwers in aanvraag en die konsepsiesyfers is laer (BKS), boere sirkuleer mielies deur hulle eie kalwers en beeste. Kyk waar is die mielieprys en die verwagte oorskot. Kalfpryse gaan hoog bly.

Uit gespekke met telers en boere is dit bekend dat die Drakensberger BKS veel beter hanteer het as baie ander rasse. Indien dit korrek is, is die Drakensberger kuddes dan mos op pad na meer kalwers in die nuwe kalfseisoen! Wat die koeie baie goed oppas tot en met speen. Kyk na die lae speenmortaliteit van die Drakensbergerkoei.

Die Drakensbergerkoei is die BESTE MA/KOEI in die land, vra enige iemand. Dit is bekend dat die beste Drakensberger vroulike dier geteel word slegs uit die beste Drakensbergerbul. Wat op sy beurt weer geteel word deur die beste Drakensbergerkoei. Die slotsom is dus eenvoudig: Die DRAKENSBERGER is die beste bees!
Voorspoed vir almal en mooi loop.
J F




## Met dank aan Neuman Bros, ons Julie-borg

# Inhoudsopgawe



| | |
|---|---|
| Brief van die President | 1 |
| Borg: Neuman Bros | 2 |
| Nuusbrokkies | 3-4 |
| Baie geluk | 5 |
| Raad vir 2026-2027 | 6 |
| Dinee 2026 | 7-8 |
| Boeredag & Kuddedink | 9-10 |
| Korrekte Tydgenootgroep | 11-15 |
| Borge | 16 |
| Voerkraalnommers | 17-18 |
| Stoettelers | 19-20 |





# Nuusbrokkies

## Verjaarsdae

Baie geluk aan almal wat in Julie verjaar:

- 2 Julie – Andre van Dyk
- 4 Julie – Fanie van Dyk
- 6 Julie – Quinton van Oudtshoorn
- 8 Julie – Willie Watermeyer
- 25 Julie – Nelmarie van Staden
- 30 Julie – Neels Wilken
- 30 Julie – JP Louw

**Deel asseblief jou nuus met ons!**
Stuur 'n e-pos na die kantoor:
drakensberger@studbook.co.za of
WhatsApp +27 71 283 9943

## Kontak ons

(+27) 51 410 0974 071 283 9943
drakensberger@studbook.co.za
https://drakensbergers.co.za/

*Advertensies of menings uitgespreek in die nuusbrief is dié van die skrywers, en nie noodwendig die van die Drakensberger Genootskap nie.*

## FOTO VRYDAG



Het jy 'n mooi foto van jou Drakensbergers wat jy graag met ons wil deel? Stuur dit asseblief na drakensberger@studbook.co.za
Ons wil graag op Vrydae Drakensbergerfoto's deel op ons sosiale media.

### Vriendelike Herinnering: Nuwe Finansiële Jaar: Julie 2026 – Junie 2027

Met die aanbreek van die Drakensberger Beestelersgenootskap se nuwe finansiële jaar op 1 Julie 2026, wil ons graag alle telers vriendelik herinner dat die jaarlikse heffingslyseproses om die draai is.
Ons versoek lede vriendelik om seker te maak dat kudde-rekords op datum is en dat alle relevante inligting betyds ingedien word. Akkurate rekords help die Genootskap om administratiewe prosesse doeltreffend en effektief te bestuur.
Baie dankie vir u volgehoue ondersteuning en bydrae tot die Drakensbergerras. Ons sien uit na nog 'n suksesvolle jaar saam.
Indien u enige navrae rakende heffingslyse -indienings het, kontak gerus die Genootskap se kantoor.

## BELANGRIK:

WhatsApp het ons DRB SA broadcast nuusgroep verander na 'n betaalde diens en dus verander ons na 'n gewone WhatsApp-groep.
Indien jy graag ons amptelike nuus wil ontvang soos voorheen, sluit asb aan met die skakel:
https://chat.whatsapp.com/LZrhtyvd-jr42I0ATZ1tRCr

## KUIER SAAM OP ONS Sosiale media

https://www.facebook.com/DrakensbergerSA

https://www.instagram.com/drakensbergersa/



# Nuusbrokkies

## Kom leen jou ORE uit!



Ons het twee artikels laat opneem, en dit kan op Spotify of YouTube geluister word. Dis lekker om na te luister as jy op pad is, êrens moet wag, of dalk selfs om jou aan die slaap te sus!
Gee asseblief vir ons terugvoer hieroor. As dit gewild is, sal ons graag nog opnames in die toekoms wil deel.

Volg hierdie skakel na Spotify:
https://tinyurl.com/yc4uktph

Volg hierdie skakel na YouTube:
https://tinyurl.com/38cdhtus

https://www.facebook.com/DrakensbergerSA

https://www.instagram.com/drakensbergersa/

## VOLG ONS OP YOUTUBE

Op ons YouTube-kanaal sal jy 'n verskeidenheid videos kry met raad en interessante inligting.

Gaan maak 'n draai by https://www.youtube.com/@drakensbergers/videos

## *Unistel DNA-toetse*

Die Genootskap kon 'n spesiale afslag beding met Unistel vir DNA-toetse op profiele en vaderskappe. Die pryse is as volg:

| Unistel DNA toetse | Koste per dier vir profiel (BTW ingesl.) |
|---|---|
| Normale prys vir 2026 < 30 | R 282.56 |
| Meer as 30 (-5% afslag) | R 268.43 |
| Meer as 60 (-7.5% afslag) | R 261.36 |
| Meer as 120 (-10% afslag) | R 254.30 |

Kontak Unistel vir meer inligting, en onthou om die ras aan te dui vir die spesiale afslag om te geld.



## SA Stamboek Genomiese Diens vir Vleisbeeste

BGP2-fondse vir jaar 3 is goedgekeur en deur die befondser uitbetaal.
Vir die derde en laaste jaar van BGP2 sal die befondser genomiese toetse subsidieer met R420-00.
SA Stamboek sal 'n addisionele subsidie van R104-00 aan SA Stamboek-telers toeken.
Dus beloop die totale koste vir die teler R549-00, BTW uitgesluit.
Daar is geen afwykings van die oorspronklike BGP2-voorstel soos goedgekeur aan die begin van die 3-jaarprojek nie.
SA Stamboek is gereed en wag op monsters vir jaar 3 van BGP2.
Kontak ons kantoor vir meer inligting: drakensberger@studbook.co.za.



# Baie geluk

Baie geluk aan almal wat by ons dinee sertifikate ontvang het! Ons is trots op julle.

- Vir beste TKP: Kuddes met 25 tot 100 koeie gekalf: **LC Botha** (375 dae TKP met 98 koeie gekalf)
- Vir beste TKP: Kuddes met 101 tot 200 koeie gekalf: **Jesumar Drakensbergers** (370 dae TKP met 114 koeie gekalf)
- Vir beste TKP: Kuddes met meer as 200 koeie gekalf: **Rouxvus (Pty) Ltd** (375 dae TKP oor 201 koeie gekalf)
- Vir beste OEK: Kuddes met 25 tot 100 koeie gekalf: **Theunissen Drakensbergers** (29 maande oor 37 koeie gekalf)
- Vir beste OEK: Kuddes met 101 tot 200 koeie gekalf: **Sambesi** (31 maande oor 182 koeie gekalf)
- Vir beste OEK: Kuddes met meer as 200 koeie gekalf: **PWB Uys** (29 maande oor 209 koeie gekalf)
- Kudde met beste gekombineerde speen teelwaarde: **Rouxvus (Pty) Ltd** (Gekombineerde Speen Teelwaarde 114 oor 384 kalwers)
- In erkenning van buitengewone diens tot bevordering van die ras: **Rodney Neuman**

Baie geluk ook aan al die naaswenners. Ons weet hoeveel harde werk en toewyding soms ongesiens verbygaan.













Baie geluk aan die nuutverkose Raad vir die termyn 2026/2027.
Dankie vir julle getroue werk en passie vir die Drakensbergers!

- Dr. Johann Fourie (President)
- Willie Landman (Vise-President)
- Magiel Blom (Ere-President)

Raadslede:
- Liesel Foster
- Henk Delport
- Willie Watermeyer
- Pikkie Uys
- JP Theunissen
- Jean van der Merwe
- Udo Beneke

- Melissa Blom (Sekretaresse)






# Dinee – 'n aand van samesyn

*Melissa Blom*

Op 5 Junie 2026 het Drakensberger-telers, ondersteuners, borge en vriende by die Vrede Hotel saamgekom vir 'n aand van samesyn, viering en waardering van die Drakensberger-ras.

Die geleentheid was 'n groot sukses en het aan lede van die Drakensberger-familie die geleentheid gebied om weer kontak te maak, ervarings te deel en die prestasies van die afgelope jaar te vier. Een van die hoogtepunte van die aand was die suksesvolle veiling van die Drakensberger Telersdagboek, 'n waardevolle hulpmiddel wat spesifiek vir telers ontwikkel is. Ons bedank opreg almal wat deelgeneem en bygedra het om die veiling so suksesvol te maak.

'n Hartlike woord van dank word gerig aan al ons telers, borge en gaste wat die aand bygewoon en ondersteun het. Julle volgehoue betrokkenheid en toewyding speel 'n onmisbare rol in die groei en sukses van ons Genootskap.

Ek wil ook my opregte waardering uitspreek teenoor ons borge: Voermol, Vleissentraal, Molatek, Zoetis, Unistel, ZoOmics en Gallagher. Julle ruim ondersteuning het gehelp om hierdie geleentheid moontlik te maak en het grootliks bygedra tot die warm en gasvrye atmosfeer wat deur almal geniet is.

'n Spesiale woord van dank gaan aan PM Swart van Vleissentraal vir die professionele en kundige wyse waarop hy ons jaarlikse produksieveiling aangebied het. Ons wil ook vir Stephan Cronje van Molatek bedank wat as spotter opgetree het en bygedra het tot die gladde en suksesvolle verloop van die veiling. Julle ondersteuning en toewyding word opreg waardeer.

Ons wil ook ons opregte waardering uitspreek teenoor Han-Mari van Zoetis en Dirk Viljoen van Voermol wat die aand saam met ons bygewoon het. Julle teenwoordigheid, ondersteuning en volgehoue betrokkenheid by die bedryf word hoog op prys gestel en het bygedra tot die sukses van die geleentheid.

'n Spesiale woord van waardering gaan aan Jean van der Merwe vir sy toewyding, harde werk en waardevolle bydrae om van die aand so 'n sukses te maak. Jou bereidwilligheid om te help en jou verbintenis tot die Drakensbergerras het nie ongesiens verbygegaan nie, en













ons bedank jou opreg vir die rol wat jy gespeel het om 'n onvergeetlike geleentheid vir almal te verseker.

Ek wil ook my opregte dank uitspreek teenoor JP Theunissen vir sy rol as seremoniemeester vir die aand. Jou professionaliteit, entoesiasme en vermoë om die program vlot te laat verloop, het 'n groot bydrae gelewer tot die sukses en genot van die geleentheid.

'n Besondere woord van dankbaarheid gaan aan ons President, Dr. Johann Fourie. Jou leierskap, integriteit en onwrikbare passie vir die Drakensbergerras bly 'n inspirasie vir ons almal. Deur jou visie en toewyding het jy nie net ons Genootskap versterk nie, maar ook telers aangemoedig om na uitnemendheid te streef en in die toekoms van hierdie merkwaardige ras te glo. Dankie dat jy met wysheid, nederigheid en doelgerigtheid leiding gee. Jou toewyding aan die Drakensberger en sy mense word opreg waardeer, en jou voorbeeld dien as inspirasie vir ons almal.

Terugskouend op die aand word ek weereens herinner aan die krag van die Drakensberger-familie. Die passie, vriendskap en toewyding wat deur ons telers, borge en ondersteuners getoon word, maak my trots om deel van hierdie gemeenskap te wees. Saam bou ons voort aan 'n sterk toekoms vir die Drakensbergerras, en ek sien met opgewondenheid uit na wat voorlê.

Een ding bly duidelik – die Drakensberger-gees leef en floreer. Die entoesiasme, passie en toewyding wat deur ons telers getoon word, skep vertroue in die toekoms van die ras. Die sterk gevoel van kameraadskap en wedersydse ondersteuning onder telers herinner ons daaraan dat ons saam kan voortbou op die trotse nalatenskap van die Drakensberger en die sukses daarvan vir toekomstige geslagte kan verseker.

Baie geluk aan al die telers wat gedurende die aand toekennings ontvang het. Julle toewyding, harde werk en passie vir die ras stel steeds 'n hoë standaard binne die bedryf en dien as inspirasie vir mede-telers regoor die land.

Dankie aan elkeen wat bygedra het om die aand so 'n besondere en onvergeetlike geleentheid te maak. Ons sien uit na nog vele suksesvolle byeenkomste en voortgesette groei vir die Drakensbergerras.

Laastens wil ek my diepste waardering uitspreek teenoor die Drakensberger Raad vir hul toewyding, visie en verbintenis tot die ras. Die ontelbare ure wat deur die Raad belê word, het 'n betekenisvolle rol gespeel in die ontwikkeling van die Drakensberger tot die gerespekteerde en suksesvolle ras wat dit vandag is.

# DRAKENSBERGER BOEREDAG & KUDDEDINK LOK UITSONDERLIKE BELANGSTELLING

*Jodee Neuman Shaftoe*




Die Drakensberger Boeredag & Kuddedink, aangebied op 6 Junie 2026 by Newlands naby Vrede, was 'n groot sukses en het alle verwagtinge oortref. Die oorweldigende belangstelling van telers, kommersiële beesprodusente en landbou entoesiaste van regoor die land het veroorsaak dat registrasies reeds lank voor die sluitingsdatum vol was. Só groot was die aanvraag dat 'n waglys moes geskep word, wat die honger in die bedryf vir praktiese, relevante en insiggewende gesprekke oor winsgewende beesproduksie beklemtoon.

Die dag, aangebied deur die Neuman familie in vennootskap met die Drakensberger Telersgenootskap, het meer as 170 gaste gelok – almal gretig om te leer, deel te neem en idees uit te ruil oor die toekoms van volhoubare en winsgewende beesproduksie.

'n Groot hoogtepunt van die geleentheid was die deelname van die internasionaal gerespekteerde veekeurder en beeskenner, PJ Budler. Van die oomblik dat hy begin praat het, was die gehoor vasgevang. Deelnemers het aan sy lippe gehang terwyl Budler



sy insigte gedeel het oor funksionele doeltreffendheid, vrugbaarheid, aanpasbaarheid en die eienskappe wat werklik winsgewendheid in 'n beeskudde dryf. Sy vermoë om praktiese kennis, werklike voorbeelde en boeiende storievertelling te kombineer, het die aanbieding sowel opvoedkundig as vermaaklik gemaak en gesprekke aangevuur lank nadat die formele program beëindig is.

Die praktiese aard van die dag is veral goed ontvang. Deelnemers is aangemoedig om vrae te vra en in oop gesprekke rondom groepe beeste deel te neem, wat 'n leeromgewing geskep het wat veel verder as die formele aanbiedings gestrek het.


Die Drakensberger Telersgenootskap, onder leiding van President Dr Johan Fourie, saam met Sekretaris Melissa Blom en die Genootskap se Raad, het 'n sleutelrol gespeel in die sukses van die dag. Hul toewyding aan opvoeding, rasontwikkeling en bedryfsbetrokkenheid was deurgaans sigbaar.

Gaste is ook bederf met uitmuntende gasvryheid. 'n Hoogtepunt was die heerlike skaaptjoppie middagete, ruim geskenk deur Neuman Merinos, wat die perfekte geleentheid gebied het vir deelnemers om te ontspan, netwerk en die dag se gesprekke voort te sit.

Spesiale dank gaan ook aan die ruim borge wat die dag moontlik gemaak het: OVK, Molatek, Virbac, Voermol, Standerton Toyota en Zoetis.

Die sukses van die dag was die resultaat van die gesamentlike pogings van baie individue, insluitend die Newlands personeel, die Neuman bestuurspan en die talle vrywilligers wat agter die skerms onverpoosd gewerk het. Hul toewyding het verseker dat elke aspek van die dag glad verloop het en dat gaste van aankoms tot vertrek welkom gevoel het.

Die belangrikste is dat die dag die krag van die Drakensberger gemeenskap bevestig het en die waarde van geleenthede waar produsente by mekaar kan leer, beklemtoon het. Die positiewe terugvoer van deelnemers bevestig dat praktiese, boer gefokusde geleenthede soos hierdie steeds 'n belangrike platform bly vir die deel van kennis en die bevordering van winsgewende beesproduksie.






# Korrekte Tydgenootgroepe: Die Grondslag van Betroubare Genetiese Evaluasie

*Dr Japie van der Westhuizen*

Meting, waarneming en aantekening van produksiediere, of dan plaasvee is slegs so goed soos die data waarop dit berus. Geen genetiese evaluasiestelsel – hetsy tradisionele prestasie-indekse of moderne BLUP-teelwaardes kan verkeerde, onvolledige of swak-bestuurde data volledig regmaak, of regverdig nie. Die verantwoordelikheid begin en eindig by die teler. Elke stoetteler staan ook onder 'n etiese en morele verpligting om te sorg dat sy of haar aantekening-praktyke aan die regte standaarde voldoen, bo verdenking is, en die inligting wat daaruit voortvloei, ten volle vertrou kan word.

Een van die belangrikste, maar dikwels onderskatte, aspekte van aantekening van alle inligting van ekonomiese belang, hetsy reproduksie-, produksie- of produk-data, is die korrekte samestelling van tydgenoot, of ook genoem behandelings- of kontemporêre groepe.

Hierdie sorgsame groepering van diere wat saam hoort en vergelyk word, kan soms as 'n administratiewe las beskou word. Dit is egter een van die belangrikste bestuursinstrumente in stoet- en kommersiële kuddes.

Die doel daarvan is baie eenvoudig: **om diere regverdig met mekaar te vergelyk.**

'n Tydgenootgroep bestaan uit diere wat onder soortgelyke omstandighede grootgemaak is. Hulle behoort in dieselfde tydperk gebore te wees, saam bestuur te word, aan dieselfde voeding blootgestel te wees en op dieselfde ouderdom gemeet te word. Die doel is om omgewingsinvloede van genetiese invloede te skei.

Selfs op dieselfde plaas kan betekenisvolle omgewingsverskille voorkom. Noord- en suidhellings, soet- en suurveld, aangeplante weidings en natuurlike veld, rivier- en bergkampe veroorsaak almal beduidende of selfs groot verskille in groei en prestasie. Hierdie diere behoort dus dikwels aan verskillende tydgenoot- of kontemporêre groepe.

Die probleem ontstaan wanneer hierdie verskille nie erken word nie of wanneer hierdie groepering as 'n administratiewe las beskou word. Om tyd te bespaar, word diere soms verkeerd aan groepe toegeken sonder om voldoende aandag aan die bestuursomstandighede te gee. Die gevolge hiervan kan verreikend wees.

Die gevolge raak nie net die teler nie. Kopers gebruik veilingkatalogusse en genetiese inligting om aankoopbesluite te neem. Indien verkeerde data, en in die geval waar diere geneties met mekaar vergelyk word, gepubliseer word, word kopers onwetend mislei. Net so belangrik: die teler self kan seleksiebesluite neem op grond van bevooroordeelde, onbetroubare inligting en uiteindelik genetiese vordering in sy eie kudde benadeel.

Vir illustrasie word die volgende voorbeeld gebruik:

'n Kalf met 'n (moederouderdom, geslag, groeitempo) gekorrigeerde 205-dae speengewig van 200 kg word verkeerdelik saam gegroepeer met diere wat gemiddeld 198 kg weeg, terwyl dit eintlik aan 'n bestuursgroep behoort wat gemiddeld 225 kg weeg. Met ander woorde die dier was blootgestel aan omgewingstoestande wat hom meer bevoordeel het as die gemiddeld van die groep waarmee die teler hom vergelyk.

Let daarop dat die dier self nie verander het nie. Slegs die groep waarmee dit vergelyk word, het verander. Tog verander die gevolgtrekking oor sy genetiese meriete dramaties.



**Tabel 1. Die invloed van verkeerde tydgenoot-toewysing (dier in die verkeerde kontemporêre groep geplaas)**

| Maatstaf | Verkeerde groep toewysing | Korrekte groep toewysing |
|---|---|---|
| Gekorrigeerde 205-dae gewig | 200 kg | |
| Gemiddelde van tydgenoot-groep | 198 kg | 225 kg |
| Dier se gewig-afwyking van groepgemiddelde | +2 kg | -25 kg |
| **Tradisionele indeks** | **101** | **89** |
| Rasgemiddelde teelwaarde vir Speen Direk | +10,5 kg (100 Teelwaarde-indeks) | |
| Ouergemiddelde teelwaarde van die dier | +9,5 kg (98 Teelwaarde-indeks) | |
| Illustratiewe geneties-voorspelde skatting (op eie prestasie alleen bereken) | **+10.8 kg** | **+6.8 kg** |
| Illustratiewe Teelwaarde-indeks | **101** | **93** |
| Verwagte finale BLUP-posisie (met ouergemiddelde en inligting van ander verwantes) | Tussen +9.5 en +10.8 kg | Tussen +6.8 en +9.5 kg |
| **Verwagte finale BLUP (teelwaarde)-indeks** | **Tussen 99 en 101** | **Tussen 93 en 99** |

Die tabel illustreer mooi hoe BLUP verskillende bronne van inligting teen mekaar opweeg. Met verkeerde toewysing aan groepe wys die dier se eie prestasie dat dit 'n +10,8 kg (Teelwaarde-indeks = 101) dier behoort te wees, terwyl die ouergemiddelde aandui dat dit nader aan +9,5 kg (TW indeks = 99) behoort te wees. BLUP sal dus die voorspelling afwaarts begin aanpas.

Met toewysing van diere aan hulle korrekte groepe gebeur presies die teenoorgestelde: die dier se eie prestasie dui op +6,8 kg (TW indeks = 93). Dit terwyl die ouergemiddelde +9,5 kg is en BLUP die voorspelling opwaarts sal begin aanpas. Die presiese antwoord kan slegs deur die volledige meer-eienskap BLUP-evaluasie (soos wat SA Stamboek aan die bedryf bied) bereken word.

Die grootste risiko lê waarskynlik by tradisionele prestasie-indekse. Histories is speenprestasie beoordeel deur die dier se gekorrigeerde 205-dae gewig relatief tot die gemiddelde van sy (indeks) groep uit te druk.

In hierdie voorbeeld ontvang die dier 'n indeks van 101 met die verkeerde toewysing, maar slegs 89 met die korrekte indeksgroep-vergelyking. Die probleem is dat hierdie indeks deel word van die dier se permanente rekord. Dit verskyn in veilingkatalogusse, advertensies en kuddeverslae en sal vir die res van die dier se lewe saam met hom bly. Selfs wanneer die fout later besef word, word die indeks nie herbereken nie. Die verkeerde indruk sal dus permanent voortbestaan.

BLUP-teelwaardes is nie immuun teen verkeerde toewysing aan indeks- of behandelingsgroepe nie. Net soos vir konvensionele indekse, word hulle ook aanvanklik beïnvloed omdat die dier se prestasie relatief tot sy groep geëvalueer of vergelyk word.

Hier eindig die ooreenkoms egter.

BLUP verskil fundamenteel van tradisionele indekse omdat dit nie uitsluitlik op die dier se eie prestasie staatmaak nie.

Die evaluasie gebruik terselfdertyd stamboominligting, verwantskappe, familieprestasie, genetiese verwantskappe tussen eienskappe, die genetiese vlak van die groep waarbinne die dier vergelyk word, die dier se prestasie vir ander eienskappe wat verwant is aan hierdie betrokke eienskap, en uiteindelik ook nageslagprestasie.



Tradisionele indekse maak ’n finale uitspraak op grond van een bron van inligting; BLUP versoen verskeie bronne van inligting voordat ’n voorspelling gemaak word.

Met verloop van tyd begin die invloed van ’n verkeerde toewysing aan ’n tydgenootgroep afneem soos meer inligting beskikbaar raak. Die dier se nageslag word uiteindelik die grootste toets van sy genetiese meriete.

> Die boodskap aan alle Drakensberger-telers is eenvoudig:
> die toewysing van elke dier aan die korrekte tydgenoot-groep is nie administrasie nie; dit is genetiese bestuur.

Akkurate toewysing van diere beskerm die integriteit van die ras, beskerm kopers teen verkeerde verwagtinge en beskerm telers teen swak seleksiebesluite in hul eie kuddes.

Waar tradisionele indekse foute permanent bewaar, het BLUP die vermoë om dit mettertyd te ontbloot.

Uiteindelik is genetiese evaluasie nie ’n toets van die rekenaarstelsel nie, maar ’n toets van die kwaliteit van die data wat daarin geplaas word.

**Tradisionele indekse kan die waarheid vir altyd verbloem; BLUP het die vermoë om dit mettertyd te ontbloot.**

### Tegniese Bylaag:
### Hoe verkeerde tydgenoottoewysing BLUP beïnvloed

> **Belangrik:** Die berekeninge hieronder is vereenvoudigde illustrasies en nie die presiese berekeninge wat in die nasionale meer-eienskap BLUP (MT-BLUP) evaluasie gebruik word nie. Die doel is nie om die presiese gepubliseerde teelwaarde te voorspel nie, maar om die beginsel te verduidelik en die relatiewe impak van verkeerde tydgenoottoewysing aan te dui.

Die werklike BLUP-evaluasie maak gelyktydig gebruik van:

- die dier se eie prestasie relatief tot sy toegewese groepsgenote,
- die teelwaardes van die ouers,
- alle beskikbare familie-inligting,
- genetiese korrelasies tussen eienskappe,
- verwantskappe tussen alle diere in die populasie, en
- uiteindelik ook nageslagprestasie.

Die vereenvoudigde voorbeeld hieronder dien dus slegs as ’n opvoedkundige hulpmiddel.

**Aannames**

- Drakensberger rasgemiddelde (Speen Direk): +10,5 kg
- Vader se BLUP-teelwaarde: +9,0 kg
- Moeder se BLUP-teelwaarde: +10,0 kg
- Ouergemiddelde (PA): +9,5 kg
- Oorerflikheid ($h^2$): 0,15
- Gekorrigeerde 205-dae speengewig: 200 kg

Die twee bestuursgroepe word aanvaar om geneties verteenwoordigend van die ras te wees (met ander woorde die gemiddelde genetiese meriete, BLUP waarde van die groep lê op rasgemiddeld). Die verskil in gemiddelde gewigte word dus hoofsaaklik deur omgewings- en bestuursfaktore veroorsaak.



### Tradisionele indeks

| | |
|---|---|
| **Verkeerde tydgenoottoewysing** | |
| Groepgemiddelde 205 dae gekorrigeerde gewig | = 198 kg |
| Dier se indeks = (200 kg ÷ 198 kg) x100 | = 101 |
| **Korrekte tydgenoottoewysing** | |
| Groepgemiddelde 205 dae gekorrigeerde gewig | = 225 kg |
| Dier se indeks = (200 kg ÷ 225 kg) x100 | = 89 |
| | |
| Die verkeerde tydgenoottoewysing verander dus die gepubliseerde indeks vanaf 89 na 101. | |
| Hierdie fout bly permanent deel van die dier se rekord. | |

**Illustratiewe genetiese voorspelling net op grond van eie prestasie**
Hier word slegs die dier se afwyking van sy tydgenootgroep gebruik.

| | |
|---|---|
| **Verkeerde tydgenoottoewysing** | |
| Die dier weeg 2 kg meer as sy groep. | |
| 2 x 0.15= | 0.3kg |
| Die groep lê op die rasgemiddelde van | +10,5 kg. |
| Die illustratiewe genetiese skatting word dus: 10.5+0.3= | 10.8kg |
| **Korrekte tydgenoottoewysing** | |
| Die dier weeg 25 kg minder as sy groep. | |
| 25 x 0.15= | -3.75kg |
| Die illustratiewe genetiese skatting word dus: 10.5-3.75= | 6.8kg |
| | |
| Let wel: Hierdie is (nog) nie BLUP-teelwaardes in die ware sin nie. Dit illustreer bloot die invloed van die dier se eie prestasie wanneer BLUP bereken word. | |

### Waar pas die ouergemiddelde in?

Die ouergemiddelde van die dier is: (9+10) ÷ 2 = 9.5kg
Die ouergemiddelde word nie eenvoudig by die berekeninge opgetel of daarvan afgetrek nie. BLUP probeer eerder om verskillende bronne van inligting met mekaar te versoen.

| | |
|---|---|
| **Verkeerde tydgenoottoewysing** | |
| Die dier se eie prestasie sê: | Ek is 'n +10,8 kg dier. |
| Die ouers sê: | Hierdie dier behoort ongeveer +9,5 kg te wees. |
| BLUP begin dan die voorspelling afwaarts aanpas. | |
| | |
| **Korrekte tydgenoottoewysing** | |
| Die dier se eie prestasie sê: | Ek is 'n +6,8 kg dier. |
| Die ouers sê: | Hierdie dier behoort ongeveer +9,5 kg te wees. |
| BLUP begin dan die voorspelling opwaarts aanpas. | |
| | |

Die finale teelwaarde sal dus tussen hierdie waardes lê, maar die presiese antwoord kan slegs deur die volledige MT-BLUP evaluasie bereken word.



**Wat gebeur wanneer nageslag bykom?**

Namate nageslagprestasie beskikbaar raak, verloor die oorspronklike fout al hoe meer invloed.
Die BLUP-stelsel gebruik dan:


- die ouergemiddelde,
- die dier se eie prestasie,
- familie-inligting,
- genetiese korrelasies tussen eienskappe, en
- nageslagprestasie

om die dier se genetiese meriete voortdurend te her-evalueer.
Die dier se nageslag word uiteindelik die grootste toets van sy genetiese meriete.

**Kernboodskap**

Verkeerde toewysing van diere aan hulle kontemporêre groepe beïnvloed beide tradisionele indekse en BLUP-teelwaardes.
Die verskil is dat:

- Tradisionele indekse die fout permanent publiseer – tot selfs na die dier dood is.
- BLUP die vermoë het om die fout mettertyd te ontbloot.






# BAIE DANKIE AAN AL ONS BORGE!

## PLATINUM

Voermol

## SILWER

ZooOmics™

MOLATEK

GALLAGHER™

VLEISSENTRAAL

## BRONS

Virbac

zoetis

LIONEL'S
VETERINARY SUPPLIES

unistel®
Medical Laboratories



# Voerkraalkontaknommers

Hier is 'n lys van raadslede, suksesvolle telers en verkopers van Drakensberger speenkalwers en voerkraalaankopers. Kontak enige van hierdie persone vir raad of 'n tweede mening of prys.

| NAASTE DORP / STREEK | DRAKENSBERGER BOER / RAADSLID | VOERKRAAL AANKOPER / AGENT |
|---|---|---|
| **VRYSTAAT** | | |
| Brandfort | Fanie van Dyk (Raadslid)<br>082 774 4952 | Johan Botha -<br>082 856 4409 - Karan |
| Vrede | Rodney Neuman | Arend Munnick -<br>071 540 9913 - Verskeie voerkrale |
| Ficksburg | Henk Delport (Raadslid)<br>083 300 1131 | Thys Fourie -<br>083 225 4146 -Beefmaster |
| Welkom | Christo Nel | Jan du Toit - 082 555 4221 - Bemarker |
| Kroonstad | Gawie Roux | Michael Bezuidenhout - 073 370 7291 |
| Harrismith | Jakob Tsabalala<br>083 974 9706 | |
| Koppies | | Pierre Boutser -<br>082 499 7997 |
| Bethlehem | | Dano van Zyl -<br>083 385 8285 - Vleissentraal bemarker |
| **MPUMALANGA** | | |
| Volksrust | Pikkie Uys (Raadslid)<br>082 857 5022 | Arnold Durr –<br>082 902 3916 - Karan |
| Ermelo/Middel-burg | Petrus Taljaard (Raadslid)<br>082 493 4137 | Hein - 076 862 0797 - Aankoper Karan<br>David Harris 082 573 7979 – Aankoper Rockdale Industrial (Pty) Ltd |

| NAASTE DORP / STREEK | DRAKENSBERGER BOER / RAADSLID | VOERKRAAL AANKOPER / AGENT |
|---|---|---|
| **MPUMALANGA (vervolg)** | | |
| Amersfoort | | Sakkie Fourie -<br>082 802 2125 - Verskeie voerkrale |
| Standerton | | Pieter Swanepoel – 083 440 1423 - Chalmar en ander<br>Carel Davel - 082 331 1811 - BKB<br>PM Swart - 083 948 3345 - OVK<br>Gert du Preez - 082 449 5263 |
| **KWAZULU-NATAL** | | |
| Luneburg | Udo Beneke (Raadslid)<br>082 797 8088 | |
| **NAMIBIË** | | |
| Aroab | Gerrit Maritz | |
| Gobabis | | Piet de Wit,<br>+264 81 128 9716 - Beefmaster bemarker |
| **NOORD-KAAP** | | |
| Klerksdorp/Tosca | Johann Fourie (Raadslid)<br>082 772 7716 | |
| Kuruman | Bossie Rens | |
| Kuruman | Werner Vermeulen | Freddie Markam – 082 920 8893 - Karan Beef, Kuruman |
| Danielskuil | Franco Joubert | |
| Deben | Werner Vermeulen | |
| Zeerust | | Coenraad Boshoff -<br>078 950 5876 |



# Voerkraalkontaknommers
(vervolg)

| NAASTE DORP / STREEK | DRAKENSBERGER BOER / RAADSLID | VOERKRAAL AANKOPER / AGENT |
|---|---|---|
| **NOORDWES** | | |
| Potchefstroom | Willie Landman (Raadslid)<br>083 257 8511 | |
| Louwna | Stuart Collen | |
| **GAUTENG** | | |
| Potchefstroom | Jean vd Merwe (Raadslid)<br>082 719 7521 | |
| Derby | Charlie van Schalkwyk | Barco van Niekerk - 072 384 9057 – Aankoper & afslaer<br>Theo Coetzee - 082 600 8374 |
| **KAROO / SUID-VRYSTAAT EN OOS-KAAP** | | |
| Zastron | Liesel Foster (Raadslid)<br>082 373 2427 | |
| Suid-Vrystaat & Oos-Kaap | | Pieter Klopper - 082 807 3752 - Karan Beef<br>Kobus Barnard - 084 202 5205 - Pedriam Trust<br>Blaine Dormehl - 081 889 9486 - Vleissentraal |

Indien jy terugvoer het oor goeie prys, raad of goeie aankopers, kontak ons gerus om die name hier by te voeg, ten einde ons medeboere toe te rus met die regte raad en kontakte.






**BLACK FOX** BF
KLERKSDORP
Dr Johann Fourie 082 772 7716
johannfourie1964@gmail.com

**BLACK HILLS** BH
POTCHEFSTROOM
Willie Landman 083 257 8511
willie@blackhills.co.za
Jean van der Merwe
082 719 7521
jean@blackhills.co.za

**BLYDE** DBB
SOUTHDOWNS ESTATE
Ingrid de Bruyn 082 415 2477
elivdm@mweb.co.za

**BOLLIE** SS
PAULPIETERSBURG
Johann Schütte 083 676 0500
waldheim@skyafrica.co.za
Ruben Schütte 084 511 6879
rubenjschutte@gmail.com

**BONHEIM** BO
VLAKDRIF
Nelmarie van Staden
082 466 4868
bonheim.drakensberger@gmail.com

**BRAKENJAN** FD
BRANDFORT
Fanie van Dyk 082 774 4952
js.vandyk@mweb.co.za

**BUFFALO VALLEY** BV
CAROLINA
Lee Roos 082 809 7941
buffalovalley@skyafrica.co.za
johnjroos@gmail.com

**CALELA** JJ
ERMELO
Jannie Jacobsz 082 820 4706
calelaj@vodamail.co.za

**CETONA** C
KLERKSDORP
PJ Pienaar 079 877 5228
pjpienaar000@gmail.com

**DELRAM** D
FICKSBURG
Henk Delport
079 612 5995 (Kantoor)
delram.h@outlook.com
delram.s@outlook.com

**DRAKENKRAAL** DK
PARYS
Wesley Abourizk 0824950574
wesley@ssendra.co.za
jptheunissen@ssendra.co.za

**DRIE D** XWX
BARKLY-OOS
Skillie du Randt 082 771 0716
sdurandt@vodamail.co.za

**D'HOFSTEE** AAD
HEIDELBERG
Jan & Elna Dhooge 082 892 5762
jandhooge67@gmail.com

**FERAX** RG
BROOKLYN PLEIN
Gerrit Grobler 082 784 1501
gerritgrob@law.co.za

**FRELON** F
VREDE
Leonard Neuman 072 535 0197
rodney@neumandrakensbergers.co.za

**GRASMUNT** CL
BRANDFORT
Carel Nel 082 828 1984
carelnel02@gmail.com

**GROENVLEI DRAKENSBERGER STOET** G
PRETORIA
Werner Krynauw 071 607 1086
werner.j.krynauw@gmail.com

**GRYSHOEK** PU
VOLKSRUST
Pikkie Uys 082 857 5022
identity.redken@gmail.com
laansuys@gmail.com

**GUNNER DRAKENSBERGERS**
LEANDRA
Xander Gunter 071 510 8076
iti06689@mweb.co.za

**HAASKRAAL** VN
RICHMOND
Van Zyl Naudé 082 664 3466
haaskraal@vodamail.co.za

**HANSEL** HAS
PAULPIETERSBURG
Dr Hans Schütte 082 419 0226
hanselna@lantic.net

**HENDRIK HANCKE** HP
BETHAL
Hendrik Hancke 073 135 8753
hphancke1@gmail.com

**HORMAN DRAKENSBERGERS** CH
BETHAL
Carl Hancke 083 384 6771
hancke.ch1@gmail.com

**HUGHDALE** SL
NOUPOORT
SP van der Walt 063 775 5662
sp@lcom.co.za

**HYMGERT** HN
VREDE
Rodney Neuman 082 746 8142
rodney@neumandrakensbergers.co.za

**INFRACOR** IR
PRETORIA
Derick Orsmond 083 273 6432
derick@infracor.co.za



**JESUMAR LL**
DEWETSDORP
Freddie Wasserfall 082 556 4452
wasserfallfreddie@gmail.com
Neels Wilken 083 638 2152
elmien.wilken@gmail.com

**M & M BOERDERY MM**
BETHAL
MJ van Vreden 082 838 1858
mj@mmboerdery.co.za

**MAMBANE BJ**
VREDE
Louis Botha 082 825 2431
bothaboerdery04@gmail.com

**MOBAZA BZ**
CENTURION
Monja Esterhuizen 084 580 5808
info@mobaza.co.za
monjaest@gmail.com

**NADAU JR**
HANOVER
Johannes Retief 082 385 1821
johannesretief1@gmail.com

**NEBA NB**
VERKYKERSKOP
Bertus Nel 061 114 6492
bruwershoek@gmail.com

**NEUSBERG DRAKENSBERGERS NBD**
MIDDELBURG
Clift Frewen 079 015 1010
neusberg@neusbergkaroo.co.za

**NITIQUE NY**
HANOVER
Grant Naude 076 700 3855
kriegerspoort@nitique.co.za
tamarynnaude@gmail.com

**PALMIETFONTEIN JP**
BETHAL
JP Louw 060 966 8108
jplouw07@gmail.com

**PATRYSVLUG PV**
EXCELSIOR
Jan-Louis Wessels 083 251 6294
patrysvlugtkantoor@gmail.com

**QUAGGAFONTEIN QH**
ZASTRON
Dr Liesel Foster 082 373 2427
t/a FOSTERS FIELD PTY (LTYD)
fosterliesel@gmail.com

**RAKA JDE**
CRADOCK
Frans & Jan Erasmus
083 488 5511 jde009@gmail.com
fnerasmus@gmail.com

**RIETKOL R**
KRUGERSDORP
Piet J De Villiers 073 143 3985
pietvilliers@gmail.com

**ROUVUS GR**
VENTERSBURG
Gawie & Frik Roux 083 264 5487
gawiedrakensberger@gmail.com
FR0834551264@outlook.com

**SABRIELIE JE**
BLOEMFONTEIN
Elsabé Deacon 076 812 6113
elsabedeacon@gmail.com
Lambert Jacobs 073 620 2930
lambertvharts@gmail.com

**SALOME NW**
VOLKSRUST
Willie Watermeyer
073 640 6151
Carl Watermeyer 083 458 1204
willie.watermeyer@gmail.com

**SAMBESI SK**
KLERKSDORP
Dr Sampie Smith 082 940 9283
sampie.smith@yahoo.com

**SMOKEY MOUNTAIN QJO**
MACHADODORP
Dr Quinton van Oudtshoorn
082 888 5688
quintonvo37@gmail.com

**SSENDRA TD**
KOPPIES
JP Theunissen 079 417 2639
jptheunissen@ssendra.co.za
wesley@ssendra.co.za

**TALMAN T**
ERMELO
Petrus Taljaard 082 493 4137
talmanpt@gmail.com
emmerencia.taljaard2@gmail.com

**TURFKUIL MF**
BULTFONTEIN
Frannie du Toit 072 355 7601
turfkuildutoit@gmail.com

**VAN DYK DRAKENSBERGERS VD**
MIDDELBURG
Andre van Dyk 072 562 7567
avdboerdery10@gmail.com

**VERLAND VL**
AROAB, NAMIBIË
Gerhard Maritz 081 300 6368
sgmaritz@africaonline.com.na
sgmaritz@iway.na

**WALDBERG U**
LUNEBURG
Udo Beneke 082 797 8088
waldbergdrakensbergers@gmail.com

### BLY OP HOOGTE

Bly op hoogte van al die Drakensbergernuus – word deel van ons kommunikasiekanaal: Stuur 'n **WhatsApp** na: https://wa.me/message/MFAU-MIBMHBIBB1
OF **Telegram**: https://t.me/DrakensbergerSA



# ProAgri
## Jou vennoot in veilingsbemarking

### Alles onder één dak:

- Katalogusse – druk & digitaal
- Video's – lot & promosie
- Foto-skoonmaak – professionele beelde
- Ontwerp – advertensies, logo's, pamflette
- Sosiale /digitale dekking – Facebook, WhatsApp & Aanlyn artikles
- Uitnodigingsvideo's – laat jou veiling uitstaan





### Waarom ProAgri?

- Ons verstaan die landbou en veilingsbedryf
- Treffende bemarking vir maksimum blootstelling van jou veiling
- Professioneel, vinnig en doelgerig

## Laat ProAgri jou veiling na die volgende vlak neem!

Agri4all.com

PROAGRIMEDIA

Bianca Pretorius : +27 82 326 2572 | Bianca@proagri.co.za

Tiny Smith : +27 82 698 3353 | Tiny@proagri.co.za